

Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 05 van 2021

31 Januarie 2021

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Die skaarsste item in 2021 is...

Een Amerikaanse studie, waarop ek onlangs my hand gelê het, bevind mediese kennis het in 1950 elke vyftig jaar verdubbel. In 1980 het dit versnel na elke tien jaar. Teen 2010 het dit drie en 'n halwe jaar geneem vir mediese kennis om te verdubbel, maar nou sal dit blykbaar elke 73 dae gebeur. Die spoed van kennisvermeerdering op alle terreine van die lewe is verbysterend. Ongelukkig groei wysheid nie ewe vinnig nie. Intendeel. Ons weet meer en meer van alles, maar ons weet al hoe minder van reg leef en van reg doen. Goor dinge soos selfsug, narsissisme en haat oorspoel die wêreld. Wysheid is weg. Of dalk nie. Dit is steeds te vind aan die Here se voete vir daardie klein groepie mense, wat wysheid najaag met alles in hulleself.

Wysheid is geloof, wat uitmond in 'n lewe van nederigheid, insig en onderskeiding voor God en tussen mense. Dit vra om 'n tweede bekering, 'n daaglikse een. Wysheid is 'n lewenslange skattejag in die skatkamers van die Allerhoogste, soos wat [Spreuke 3](#) ons leer. Wysheid is om voortdurend te onderskei tussen reg en verkeerd. Dit is om die regte woord op die regte tyd te sê. Dit is om respek te hê vir alle mense. Wysheid, wat gegrond is in die Here, is gelyk aan die morele wil om in woord en daad reg te leef. Wysheid is om te volhard op die Here se pad, al is jy die enigste een in die buurt wat dit doen. Sulke wysheid is skaars. Trouens, dit is die skaarsste item in 2021. Maak dit jou eie!

deur *Stephan Joubert*

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here. Sy is ernstig siek. Bid vir Jomar en kinders vir moed om aan te gaan
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here. Hy is siek
- *Bid vir Magriet du Plooy vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets – vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Lea Rynders-vir nabyheid van die HER
- *Bid vir Gerda Nel, sy is ernstig siek. Bid asb vir volle genesing
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel na operasie
- *Bid vir Jaco & Karin Meyer- vir volle herstel
- *Bid vir tannie Aida Slabert– sy het geval & het 'n heupoperasie gehad. Bid vir volle herstel

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Psalm 118:24:

Dit is die dag wat die HERE gemak het. Laat ons daarvoor juig en bly wees.

Onthou om te onthou

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer...
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vir 2021

Gee jou kommer oor aan die Here
Hy sal vir jou sorg
Hy sal gelowiges nie teleurstel nie